

WILDLAND

FIRST FOR THE HUNTER | EERSTE VIR DIE JAGTER



**Die Clay
Cannon**

**Cartridges
Head to Head**
.458 Lott
VS
.458 African

Jagstories:
• Bokkoors na een skoot

**NORMA
BONDSTRIKE**
'slaan met 'n
voorhammer

Patriot
A Passion for
Pressure



Marlin
'n goeie ou Cowboy



NOW ALSO WITH ILLUMINATED RETICLES

Z5i 5-25x52
THE PRAIRIE HUNTER

SEE THE UNSEEN



VERDIEN TOT DUISENDE TOT DUISENDE RANDE SE MYBONUS SE PUNTE



**KWALIFISERENDE JAGTERS
KAN NOU DUBBEL MYBONUS PUNTE
VERDIEN WAT TOT
DUISENDE RANDE SE WAARDE
KAN BELOOP, MET DIE AANKOOP
VAN ENIGE NUWE TOYOTA***

GELDIG VANAF 1 JULIE - 31 DESEMBER 2020.



**SMS OF
WHATSAPP
TOYOTA en jou ID
na 072 931 9630
om jou punte
te aktiveer**

***Bepalings en voorwaardes geld.** Lede met WILDMAN ELEKTRONIESE LOJALITEITSKAARTE kom in aanmerking vir die promosie. Indien jy nie reeds 'n lid is nie, registreer op die skakel onder of by jou naaste WILDMANTAK en ontvang dit op jou selfoon. Die toekenning van bogenoemde DUBBEL PUNTE is van toepassing op alle MYBONUS Jagters / AgriBonus / SA Jagters Assosiasie lede asook ander jagters organisasie lede wat by MYBONUS geregistreer is wat relevante lojaliteits kaarte het. SA Jagters lede kan hulle MYBONUS punte by enige van die 15 WILDMAN takke landswyd spandeer. DUBBEL PUNTE is slegs geldig op die koste van die voertuig wat gekoop is en die transaksie moet deur Toyota Suid-Afrika goedgekeur word. Punte sal per transaksie bereken en toegeken word soos ooreengekom deur Toyota en MyBonus. ALLE ADDISIONEL EKSTRAS wat aangebring word is uitluit by die promosie.

Besoek www.wildmanhuntingandoutdoor.com of skakel MyBonus op 012 843 5660 vir meer inligting.



For your closest stockist, please call Brad on 0861-005903



Indeks / Index

RUBRIEKE / COLUMNS

Uit die heup uit / From the hip
Cartridges Head to Head:
.458 African vs
.458 Lott

JAGSTORIES / HUNTING STORIES

Bokkors na EEN Skoot!!

PROMOSIE / PROMOTIONAL

Die Clay Cannon

ARTIKELS / ARTICLES

6 Marlin
'n goeie ou Cowboy
Bondstrieke - 'slaan' met 8
46 'n voorhammer 22
Firearm Ownership Guidelines 28
Patriot - A Passion for 'Pressure' 36
Indawo skietkompetisie
so twee-twee in de Hoëveld 44
Rooibok kolskoot - Wen 'n R 5000-00
koopbewys van Wildman 50
'n Jagnaweek om te onthou.... 54

KOMPETISIES / COMPETITIONS

52 Kyk wat het ek gejag 32
Wen 'n *Bushnell*-verkyker



Sien ons blad op Facebook

www.facebook.com/wildlandmag

Algemene navrae / General enquiries

info@wildlandmag.co.za

Posadres / Postal address

Posbus 30541,
Wonderboompoort, 0033

REDAKSIE / EDITORIAL STAFF

Redakteur / Editor

André van Dyk
andre@wildlandmag.co.za
C: 082 455 8707

Assistent-redakteur en video's / Assistant editor and videos

André van Dyk Jr.
andrejnr@wildlandmag.co.za
C: 082 787 8948

Uitlegkustenaar / Layout artist / Admin, webblad en Facebook

Danie van Dyk C: 073 576 1179
danie@wildlandmag.co.za

Algemene navrae / General Enquiries

Rika van Dyk / info@wildlandmag.co.za
C: 079 892 0023 F: 086 208 0652

Bydraers / Contributors

Jan de Man
Pierre van der Walt,
Elmo Scheffer
Thea Pieters

Drukker / Printer

CTP Cape Town


Versprei deur: / Distributed by:

Jacques Nothnagel 
T: 021 503 7136
jacquesnothnagel@media24.com

Intekenare / Subscribers

info@wildlandmag.co.za
C: 079 892 0023

Member of / Lid van:




Hefboomaksie-gewere word in baie opsigte as 'Cowboy' gewere beskou. WILDLAND het 'n Marlin hefboomaksie in die .30-30 kaliber getoets. Ons het ook 'n blesbok met hom op die plaas Doornhoek net buite Zeerust, geskiet. Na ons mening is dit 'n goeie gewere en kaliber om kortafstand jag mee te beoefen. Dit is ook die ideale gewere vir junior opleiding.



Indien jy daarvan hou om met jou haelgewere te speel is die Clay Cannon die regte ding om te gebruik. Hierdie draagbare kleiwerper is maklik om te hanteer en jy kan kleie uit verskillende posisies gooi. Dit is ook in staat om twee kleie op 'n slag te gooi sowel as kleie van verskillende grootte.



The Patriot airgun shooting range recently opened its doors in Stikland Cape Town. It is the most modern airgun facility in South-Africa. Here airgun shooters can practise their sport under simulated outdoor conditions. WILDLAND was privileged enough to attend their grand opening.



If you were to decide between these two calibres, which one will it be? The question of which is best, has been raised multiple times. In this article, WILDLAND's rifle and ammunition specialist Pierre van der Walt compares these two calibres head to head and provides his expert opinion.

Tougher with hard-working performance

Driving the green revolution, together.



Believe in greater

Everyone deserves a break, and to enjoy the finer things in life.



Contact your nearest dealer for more information

Terms and conditions apply (vailable at www.deere.com/sub-saharan).

Locate your nearest dealer: www.deere.com/sub-saharan/en/our-company/contact-us/

www.deere.com/sub-saharan

africa@johndeere.com

Customer Care: 0800 983 821

John Deere Africa    

Uit die heup uit

Jagters sê Dankie

Presies wat ek verlede maand gesê het, het waar geword – die jagregulasies het verander tussen my skryf van die redaksionele kolom en die publisering daarvan. Gelukkig, hierdie keer ten goede. As jagters spreek ons, ons dank uit teenoor die Staatspresident dat hy hierdie stap geneem het om die jagters 'los te laat'. Die wat my ken weet ek hou nie my 'bek' nie en dat ek kritiek lewer waar dit nodig is- ek skiet baie keer uit die heup uit. Terselfdertyd gee ek ook erkenning as dit verdien word. Ons kan nou wel redeneer dat hierdie stap lankal moes gebeur het. Die ekonomie sou dalk so effens beter daarna uitgesien het, as dit 'n maand of wat vantevore kon gebeur het. Ons moet ook besef dat die struwelinge binne die regerende party al hoe feller word en dat die aanslae teen dit wat reg is al meer intens word. Waar en hoe dit gaan eindig is 'n ope vraag. Hoe dit ookal sy, die jagters kan weer doen wat hulle graag wil – jag en skiet.

Teen die tyd dat hierdie uitgawe verskyn, gaan ek, indien alles goed verloop, diep in die Kalahari wees om vir oulaas vleis vir hierdie seisoen huistoe te bring. Ons sal in 'n volgende uitgawe van Wildland meer hieroor vertel.

Wildland het in samewerking met die Wildman-winkelgroep 'n baie interessante skietkompetisie bekendgestel. Al wat jy moet doen is om een van die teikens by enige Wildman-winkel te koop en daarop te skiet. Neem dan 'n foto van jou teiken en stuur dit aan ons. Jy staan 'n kans om 'n koopbewys ter waarde van R5000 van Wildman te wen. Daar is ook maandelikse pryse op die spel. So, in plaas daarvan om 'n gewone teiken te koop, koop ons spesiale teiken, dit is jou inskrywingsgeld. Lees meer oor hierdie kompetisie op bladsy 50.

Ons vestig weereens ons lesers se aandag op ons maandelikse 'Jagfotokompetisie' waar jy 'n Bushnell verkyker as prys kan wen. Die wenner word elke maand in Wildland aangekondig. Onthou, die onus is op die wenner om ons te kontak om sy prys op te eis. Indien die prys nie binne drie maande opgeëis word nie, sal dit verbeur word.

Dit is met leedwese dat ons kennis geneem het van die afsterwe van Pieter van der Walt aan die einde van Augustus. Pieter het diep spore in die jagveld getrap en hy was gedurende die negentiger jare voorsitter van Bosveldjagtersvereniging. Jagters en sportskuts sal hom egter beter onthou as die vriendelike bestuurder van Zimbi Guns in Pretoria. Ons bid die familie sterkte toe vir die moeilike tye wat voorlê.

Die 'lockdown' tydperk het mens baie tyd gegee om te dink en te besin oor die toekoms. Ons het dus besluit om ook 'n Engelse digitale weergawe van Wildland bekend te stel onder die titel 'Hunt The Wildland' wat primêr op die buiteland gerig is. Alle Suid-Afrikaners kan ook daarop



Danie van Dyk by die 17.3" witblesbokram wat hy gedurende 2017 in die Oos-Kaap geskiet het.

inteken deur slegs ons webwerf www.wildlandmag.com te besoek. Dit verskyn elke tweede maand. Die prys is R60.00 per uitgawe. Die Sept/Okt uitgawe wat 120 bladsye beslaan is nou beskikbaar.



Wel, dit is tyd om te groet.
Tot volgende keer.
Reguit skiet.

Judke en die WILDLAND-span.

PRETORIA ARMS MEGASTORE



HUNTING, TACTICAL, SPORT SHOOTING.
100M, 50M, 30M STATE OF THE ART INDOOR RANGES.
TACTICAL PENETRATION ROOM RANGE COMING SOON.
SPORT SHOOTING CLUB OF MULTIPLE DISCIPLINES AVAILABLE.
THE ULTIMATE EXPERIENCE FOR THE FIREARM ENTHUSIAST.



brandarts@vodamail.co.za



1032 Silvergrass Str | Montana Boulevard | Magalieskruin | Pretoria
Tel: 010 - 300 - 1222 | email: pretoria@davesheer.com

Marlin

'n goeie ou Cowboy

Deur Pierre van der Walt en André van Dyk

Marlin se geskiedenis

Marlin Firearms is in 1870 op die been gebring deur John M. Marlin (1836 – 1901). Sy wapenkennis het hy gedurende die Amerikaanse Burgeroorlog opgedoen terwyl hy by die Colt fabriek in Hartford gewerk het.

Die maatskappy is gedurende 1915 by Marlin se twee seuns oorgekoop en tot die Marlin Rockwell Corporation herdoop. In hul hande het Marlin gedurende WO-1 een van die grootste

masjiengeweevervaardigers ter wêreld geword, maar na die oorlog in duie gestort.

'n Prokureur, Frank Kenna, het die maatskappy in 1924 gekoop vir \$100 en homself 'n \$100 000.00 verbandverpligting op die hals gehaal. Die Kenna familie het Marlin se glorie herstel en uitgebou tot dit in 2007 aan die Remington Arms Company verkoop is.

Alhoewel Marlin ten beste bekend is

vir hul hefboom aksie gewere het die maatskappy homself reeds in 1954 in die grendelaksie-jaggewereveld begeef met die Marlin M-322. Dit was nie 'n sukses nie en produksie is in 1959 gestaak. Die M-322 is reeds so vroeg as 1956 met die beter M-455 aangevul. Laasgenoemde het oor 'n FN Mauser aksie en EC Bishop kolf beskik. In 1996 het Marlin die MR-7 geloods wat deur die XS-7 vervang is.



Marlin M-336 hefboomaksie - Cowboy Nostalgie

Wildland het onlangs weer die geleentheid gekry om die *Marlin M-336* hefboomaksie-geweer in .30-30 Winchester-kaliber te toets. Ek moet erken dat ek hefboomaksie-gewere nog nooit voorheen as ernstige jaggewere kon beskou nie. Dis seker omdat ek dié tipe geweer, danksy fliëks, nog altyd as soort van 'n 'cowboys and crooks-wapen' beskou het; iets tussen 'n taktiese en 'n oorlewingswapen, wat eintlik vir groot pret eerder as biltongversameling bedoel is. Iets waarmee John Wayne, die Lone Ranger en hul maters, kopvelslagters en boosaards laat les opsê het.


Ek was aangenaam verras toe ek die *Marlin* uit sy kartondoos trek en 'n stewige geweer met 'n soliede staal raam sien. Die basiese hefboomaksie-ontwerp wat vandag nog gevolg word, maak soos 'n rewolwer van 'n hammer wat 'n drywende slagpen slaan, gebruik. Die konsep spruit uit die jare voor teleskope en die *Marlin* se hammer beland dan ook onder die teleskoop se agterste lensklok waar dit moeilik bereikbaar is om te span of te ontspan.

Ons vernuftige Amerikaanse "vrinne" het dié probleem egter lankal opgelos deur 'n pypie te vervaardig wat op die hammer se kuif vasgesit kan word. Die pypie steek dan sywaarts onder die teleskoop uit waar die skut dit gemaklik met sy duim kan bereik om die hammer te span. Die pypie word saam met die geweer verskaf en kan aan die regter- of linkerkant van die hammer geplaas word afhangende daarvan of die skut regs- of linkshandig is. Die hammer beskik oor twee posisies; halfspan en volspan.

Dis ook een van die glanspunte van hefboomaksie-gewere. Ongeag watter kant van die wapen die laaipoot is, is die uitleg van hierdie wapens van so 'n aard dat dit grotendeels dubbelhandig (ambidextrous) is. Hulle is baie geriefliker as beide grendelaksie- en sy-aan-sy-dubbelloopgewere vir horrelpote. Die hefboom kan met enige hand gemanipuleer word en die veiligheidsknip en hammer ook. Dit is seker een van die mees onderskatte sterkpunte van hefboomaksie-gewere.

Die veiligheidsknip is 'n pen wat sywaarts dwarsdeur die agterkant van die aksie net voor die kolfstuk strek naby die hammer se basis. As die pen van

links na regs gedruk word, is die wapen op veilig. As die pen van regs na links deur die aksie gedruk word, is die wapen in battery. In dié toestand sien die skut 'n rooi ring om die pen om die stand van die wapen te beklemtoon. Die sneller kan wel getrek word selfs al is die knip of pen op veilig. Die hammer val egter nie tot teen die drywende slagpen nie, maar word blokkeer.



Anders as op oorspronklike hefboomaksie-gewere, werp die *Marlin M-336* se doppe nie na bo uit nie, maar is dit teleskoop versoenbaar en werp dit die doppe na regs uit. Die uitwerpopening sit net bokant die geweer se laaipoot waarmee die buismagasyn of pypmagasyn onder die loop volgelaa kan word. Die pypmagasyn kan ses patrone sluk. Dis 'n bekvol.

Die *Marlin M-336* in .30-30 beskik oor 'n 20"-loop en is met Marlin se sogenaamde Micro-groove rifling toegerus. Dis 'n ontwerp wat 12 fyner groewe gebruik eerder as die ses groewe wat deur beide SAAMI en die CIP vir die .30-30 Winchester-patroon voorgeskryf word. Micro-groove rifling is 'n Marlin-patent en -handelsmerk. Die groeftempo is 1:10" (1:254mm). Die *M-336* is in totaal 38,5" (978mm) lank en sonder teleskoop of patrone in die magasyn weeg dit 7,0lb (3,17kg).

Die *M-336* beskik oor 'n semi 'buckhorn-tipe' visier, wat beteken die bovlak van die visierblad is nie plat soos ons aan gewoond is nie, maar krul op die punte effens na bo. Anders as versiering dien die visierblad nie eintlik enige doel nie. Dis nogal mooi vir my en ek is nie 'n ou wat van tierlantyntjies op gewere hou nie. Die korrel is 'n standaard bessie-tipe met koper voorkant om sigbaarheid te verhoog. Dit is met 'n eivormige, byna vierkantige korrelbeskermer eerder as die normale ronde tipe toegerus.

Ons toetsgeweer het 'n olyfgroen sintetiese kolf gehad. Dis nie naastenby so elegant as wat ons op grenelaksiegewere gewoond is nie, maar pas uitstekend by die kolf se lyne en styl in. Die kolf self is Amerikaans-klassiek; met ander woorde dit het 'n reguit kam wat hoog genoeg is om die teleskoop steeds maklik te kan gebruik. Agter op die kolf is 'n dun, swart soliede rubber skokbuffer aangebring wat met 'n swart sintetiese spasieerder afgerond is. Dit lyk baie netjies – eintlik netjieser as wat ek verwag het.

Die loop en die buismagasyn word net agter die korrelsaal deur 'n loopband in posisie gehou. In die middel van die loop hou 'n soortgelyke loopband die voorgreep in posisie. Die snellertrek is effe harder as waaraan ek gewoond is. Ongelukkig kan daar min gedoen word om die snellers van hefboomaksie-

gewere merkbaar te verbeter. Dit is en bly egter heeltemal bruikbare snellers; alhoewel nie op die standaard wat grenelaksiegeweerjagters met spesialis snellers aan gewoond mag wees nie.

Ek is die meeste beïndruk met die Marlin se soliede metaalraamwerk en algehele indruk van stewigheid. Ek wil nie op ander hefboomaksie-

vervaardigers se tone trap nie, maar die Marlin is ongetwyfeld een van die stewigste Cowboy/M-1894-tipe hefboomaksie-gewere wat ek nóg in my hande gehad het. Ek het ál my vooroordele teenoor hefboomaksie-gewere laat vaar nadat ek die Marlin M-336 onder hande gehad het.



Op die baan

Op die skietbaan skiet ek eers op 25 meter sommer so op 'n X-Bag oor die bakkie se neus en die groepering is heel skaflik. Daarna skiet Danie uit 'n staande posisie op dieselfde afstand en hy skiet ook 'n redelike groepering. Die *Marlin* se hefboomaksie werk seepglad en dit is nogal 'n lekker gevoel om daardie aksie so vining as moontlik te werk. Ek voel soos 'n Cow Boy – 'n regte John Wayne van ouds.



In die jagveld

'n Paar dae nadat ons op die skietbaan was kry ons die geleentheid om 'n paar bokke naby Zeerust op die plaas *Doornhoek* wat aan Andries van den Heever en sy pa behoort, te skiet. Toe ons die *Marlin* aan Andries wys was hy in ekstase en sê reguit dat hy nog altyd 'n sagte plekkie vir 'n hefboom-aksie gehad het. Hy skiet 'n paar skote met die *Marlin* op die skietbaan en toe is die 'koeël deur die kerk' Hy wil ook 'n rooibok met hom skiet.

Nadat ons die ander werk wat ons moes doen afgehandel het, is dit Andries se beurt om die *Marlin* op 'n rooibok te toets. Ons soek die hele middag en kry heelwat rooibokke maar ons kom nie binne trefafstand nie – onthou die *Marlin* het nie 'n teleskoop op nie.

Later sien ons rooibokke sowat 250 meter van die pad af wei en hulle is totaal onbewus van ons. Ons besluit om weer te probeer. Daar is ook 'n mak volstruiswyfie op die plaas en van nêrens kom sy te voorskyn en volg ons. Met Andries aan die voorpunt en dan die volstruis en ek en Jnr agterna, bekruip ons die rooibokke.



Ons beweeg oor 'n effense hoogte en hier vlak voor ons is 'n klompie blesbokke aan die wei. Hulle is niks verder as 35 meter van ons af nie. Hulle koppe is laag op die grond en die hoë gras help dat hulle ons nie sien nie. Een tel sy kop op en ek neem aan hy het die volstruis gesien en weer dadelik begin wei. Toe 'n ooi 'n skietbare skoot bied laat Andries loop en mens kon dadelik sien dit was 'n goeie skoot. Sy spring weg en verdwyn tussen die gras. Ons kry haar 20 meter verder met 'n netjiese skoot voor op die blad. Die *Marlin 30-30* het sy werk gedoen. Toe is Andries se handbriek behoorlik los en hy wil nou, meer as ooit tevore met alle geweld 'n *Marlin 30-30* koop.

Lees ook die artikel oor die *Norma* se *BONDSTRIKE* ammunisie wat ons op *Doornhoek* getoets het op bladsy 22 van hierdie uitgawe. In hierdie artikel word verder uitgebrei oor hierdie lekker jagplaas naby Zeerust.

Vir meer inligting oor die *Marlin* – kontak asseblief enige *Wildman*-winkel. Om *Doringhoek* te besoek skakel Andries van den Heever op 084 588 1737 of stuur epos na: andries.vdheever88@gmail.com

Klik of skandeer ook die QR- kode om na 'n kort video van die *Marlin* in aksie te kyk. 



Scan me



Marlin[®]
CLASSIC. AMERICAN. RIFLES.



MEET THE NEW MARLIN 336W
BIG LOOP 30-30 LEVER ACTION!
LIMITED DARK EDITION

R19995

MODERN LEVER ACTION. 20" BLUED BARREL
AND GREEN HARDWOOD STOCK WITH
BLACK WEBBING. 6 SHOT 30-30

GET IT ON
FINANCE



AVAILABLE AT ALL WILDMAN BRANCHES

www.wildmanhuntingandoutdoor.com

WILDMAN
HUNTING & OUTDOOR

Die Clay Cannon

Deur André van Dyk Jr.

Hou jy daarvan om kleiteikens met jou haelgeweer te skiet, maar jy raak moeg om oor en oor 'n 'handgooier' te gebruik? Of droom jy van die dag wat jy kleiteikens kan skiet met minder gesukkel? Wel vandag praat ons oor die 'hand-veerbelaaide' Clay Cannon.

Die spesifikasies en funksies van die eenheid is:

- Maklik om te gebruik
- Veeraangedrewe
- Verstelbare veerspanning
- Veiligheidsknip
- Verskillende ondersteuningshandvatsel plekke
- Kan twee kleie gelyktydig gooi
- Werk met 'n verskeidenheid van kleiteikens en groottes
- Duursame plastiek konstruksie
- Weeg minder as 2.5kg
- Maklik vervoerbaar

Die Clay Cannon word voorsien van 'n ondersteuningshandvatsel. Jy moet hierdie handvatsel installeer op een van die twee plekke wat voorsien word, afhangende waar dit vir jou die gemaklikste is om te gebruik. Die enigste hulpmiddel wat benodig word vir die installasie is 'n kruiskopskroewedraaier (Star screwdriver).

Die spanning op die veer in die Clay Cannon kan verstel word met die knop aan die agterkant van die eenheid. Wanneer die knop kloksgewys draai verhoog dit spanning. Anti-kloksgewys sal dit die spanning van die gooiarm verminder. Dit beteken, wanneer daar meer spanning is gooi die Clay Cannon die klei vinniger en verder. Die spanning om die Clay Cannon oor te haal is ook dan verhoog en word dit dus bietjie moeiliker.

Ek dink Clay Cannon is 'n wonderlike produk wanneer dit by veiligheid kom omdat 'n sneller-veiligheidsknip op die Clay Cannon gebruik word. Wanneer die Clay Cannon oorgehaal is en die veiligheidsknip aan is, kan die sneller nie gedruk word om die lanseerarms los te laat nie. Dit is baie handig as jy die Clay Cannon laai, want glo my, jy wil nie jou hande in die pad hê as die gooiarm



los kom terwyl jy besig is om 'n klei te laai nie.

Om die Clay Cannon oor te haal, trek eenvoudig die lanseerarm terug tot aan die agterkant van die eenheid totdat dit vassteek. Sodra dit gesluit is, moenie vergeet om die veiligheidsknip te aktiveer nie.

Om 'n klei in die Cannon te laai, skuif die klei eenvoudig in die eenheid in en plaas dit op die swart gebied van die gooi arm. As jy twee klei-teikens op een slag wil gooi, plaas net twee teikens op die spanarm in plaas van een. Jy kan ook twee kleie opmekaar sit in plaas van langs mekaar.

Onthou om deeglik op te let waar die 'landingsarea' is sodat die kleie in 'n veilige rigting gegooi word. Om die klei te gooi is maklik en eenvoudig. Ontkoppel die veiligheidsknip en druk die sneller om die gooi-arm los te laat.

Terwyl die eenheid gemerk is met die "Launch Zone", wat die rigting aandui, neem dit 'n rukkie om gewoon te raak aan hoe die Clay Cannon kleie gooi. Die vlugbaan van die klei sal anders wees, afhangende van die hoek waarteen jy die eenheid hou. Dit is 'n voordeel omdat jy dan verskillende kleivlugpatrone van een eenheid kan gooi. Hierdie Clay Cannon is 'n ideale apparaat vir sportklei-oefeninge of sommer net lekker pret.

Die Clay Cannon gooi ook die kleie baie vinniger as die gewone handgooiers, afhangende van hoe sterk jy die spanning arm vasgedraai het. Ek dink die produk is perfek vir haelgeweer liefhebbers, voëljagters of vir die wat net bietjie pret wil hê in die buitelewe. Om die Clay Cannon te laai is amper net soveel pret as om die kleie te skiet. Aangesien dit maklik is om te gebruik, beteken dit meer tyd om kleie te skiet voordat jy moeg word om kleie te gooi. Jou vriende, vrou tot skoonma kan lekker kleie vir jou gooi!

Die Clay Cannon word ingevoer deur National Cartridge. Kontak hulle gerus om uit te vind waar jy jou Clay Cannon kan aanskaf.

Wholesalepta@suburbanguns.co.za.
Kliek of skandeer die meegaande QR-kode om na 'n videosnit oor die Clay Cannon te kyk. 



Scan me

SUPERIOR HUNTING OPTICS



VISION ACCOMPLISHED

www.hawkeoptics.com/za
Born in the UK

Dealer enquiries: National Cartridge Company | www.suburbanguns.co.za | wholesale@suburbanguns.co.za

BONDSTRIKE

'slaan' met 'n voorhammer

Soos almal sekerlik weet was ek bevoorreg genoeg om verlede jaar gedurende September, nou 'n jaar terug, 'n moose in Swede te kon jag. Hierdie uitnodiging was persoonlik aan my gerig deur die ammunisie-vervaardiger Norma. Ek het hierdie moose, my eerste, met Norma se BONDSTRIKE ammunisie in 30-06 kaliber gejag. 'n Moose is 'n groot dier, heelwaarskynlik groter as enige van die antelope wat in Afrika voorkom. Alhoewel die moose wat ek geskiet het nie so 'n groot meneer was nie het daardie moose nie geweet wat hom tref nie, dit het werklik gelyk of iemand hom met 'n voorhammer slaan. Ek was so beïndruk met hierdie ammunisie dat ek nie kon wag dat dit na Suid-Afrika ingevoer moet word nie.



Uiteindelik land die BONDSTRIKE reeks hier en ek kon nie wag om dit ook, onder ons Suid-Afrikaanse omstandighede op die plaaslike wild te toets nie. Die BONDSTRIKE reeks is beskikbaar in 6.5 Creedmoor, 6.5 x 55, .308 Win, 30-06 Spring, .300 Win Mag, .300 WSM, .300 RUM. Dit maak van 'n 'bonded' koeël gebruik en ek neem aan dit is waar die naam BONDSTRIKE vandaan kom. Dit het ook 'n 'bootstert' wat die lugweerstand verminder en dit veroorsaak ook groter akkuraatheid. Die punt van die BONDSTRIKE koeël is bedek met 'n blou polimeer puntjie wat dit baie goed laat vertoon. Volgens Norma verlaat die 180gr koeël die loop teen 2756 v/s wat nogal haastig is vir so 'n swaar koeël uit 'n 30-06. Op 200 meter hardloop dit steeds teen 2609 v/s en op die 300 meter is die spoed 2432 v/s. Indien jy jou geweer op 100 meter zero sal dit 3.5 duim val op 200 meter en 12,7 duim op 300 meter.

Op die skietbaan stel ons die 30-06 in dat dit op 100 meter twee duim hoog skiet. Dan kan mens sonder om te kompenseer tot op 200 meter na enige groterige dier se blad skiet. Ons doen dit juis so want die plaas, Doornhoek, waar ons die BONDSTRIKE op 'n blouwildebees gaan toets het oop vlaktes maar ook ruie bos. Ek skiet 'n goeie groepering van onder 15mm met die BONDSTRIKE, en ek hoor hoe my pa kommentaar lewer "onthou dit is my geweer".

Lukaan Trading & Safaris behoort aan Andries van den Heever en sy pa Loek. Dit is net 20 km buite Zeerust in Noord-Wes en mens kan dit maklik, binne drie ure van Gauteng bereik. Die jag area bestaan uit 'n paar plase wat ongeveer 1500ha groot is met oop vlaktes sowel as digte bosse. Dit is 'n waterryke plaas en selfs nou in die winter vloeïe die stroompie water vanaf die fontein op die buurplaas redelik sterk.

Die akkommodasie bestaan uit 'n ou plaashuis wat gerestoureer is en waar 12 mense in gemak kan slaap. Hierdie plaashuis laat my dink aan die plase wat ek, as jong kind, altyd saam met my pa op sy jagtrips in Suid-Afrika besoek het - dit is 'n ware jagterskamp waar mens lekker kan kuier en kan ontspan, sonder die gepiep van my selfoon. Die spoorsnyers en slagters doen hul werk goed en Andries is die hele tyd by om 'n

ogie oor die slagproses te hou. Daar is verskeie uitkykpunte op die plaas gebou en vandaar kan mens die hele omgewing deur jou verkyker bespied en planne maak om by die bokke uit te kom. Op een randjie is daar 'n behoorlike kuierplek gebou waar mens die ondergaande, rooi Noord-Wes-son kan geniet. Toe ons een middag laat hier sit het daar verskeie diere by die suipplek sowat 250 meter laer af kom drink. Om diere so rustig in die laatmiddag son te sien is altyd 'n baie mooi gesig.

Meeste van die gewone wildspesies kom hier voor, vanaf elande tot steenbokke. Daar is ook swartwitpense, gouewildebeeste en swartrooibokke.

Toe ons klaar is op die skietbaan ry ons deur die plaas opsoek na blouwildebeeste. Ons kry 'n troppie maar hulle wil nie saamspeel nie en verdwyn uit sig. Dit is toe dat Andries sê ons kan maar 'n gouewildebees ook skiet, sy pa soek 'n vel of twee. My hart mis 'n 'beat' of twee! Het ek reggehoor? Ek hoor ook hoe my pa sluk. Andries kyk na my "My pa wou nog altyd 'n goue-vel gehad het en of ek hom nou skiet of jy, maak mos nie saak nie". Ek het reggehoor – ons kan goue een skiet!

Die volgende trop wat ons kry is te vër en ons bekrui-poging werk ook nie. Oppad terug bakkie toe sien ons 'n paar wildebeeste skuins na ons toe draf, hulle weet nie van ons nie. Daar is paar goues by en Andries stel die skietstokke op want ons dink hulle gaan hier vlak voor ons in 'n gangetjie vassteek. Dit gebeur ook so en die een wat die beste skoot bied is 'n jong gouekoei. Andries sê ek moet skiet. Ek laat nie op my wag nie en ek laat loop die skoot. Mens kon dadelik sien die BONDSTRIKE het haar hard geslaan. Ons kry haar 50 meter verder met die skoot voor op die blad. Dit sit aan die anderkant agter die blad en net onder die vel. Ek kan dit nogsteeds nie glo nie ek het 'n gouewildebees geskiet. Daardie aand om die vuur het ons dit behoorlik gevier.

Vroeg die volgende dag is ons by die slagplek en ons kry die koeël waar ons dit die vorige dag gesien het – net onder die vel. Dit het baie mooi 'gemushroom' en dit weeg 133,4 grein wat 'n gewig retensie van ongeveer 74% verteenwoordig. Op so 'n kort afstand waar die wildebees slegs 50 meter weggestaan het en die hoek waarteen die



koeël haar getref het – op die punt van die bladbeen voor – is dit werklik nie 'n slegte resultaat nie. Onthou die spoed van die koeël op daardie afstand is nog baie hoog maar dit het nogtans amper 'n meter vër penetreer. Die bladbeen was aan flarde geskiet.

Andries klim in die jagvoertuig – "Kom ons skiet nog 'n goue een en ek weet waar hulle is, die wind waai vandag en hulle staan altyd daar as die wind waai!" . Toe skud ek my kop behoorlik, kan dit waar wees. Ek kyk vir my pa en hy staan ook in ongeloof na my. Andries ry en ons sê nie 'n woord nie want ons is nie seker of hy ernstig is nie. Na 'n rukkie parkeer hy die bakkie en ons loop deur 'n digte bos. Hoe verder ons loop hoe stadiger gaan ons vorentoe. Op die rand van die bos steek Andries vas en kyk deur die verkyker. "Ja daar is hulle op die gewone plek" Ons kruip terug die bos in en gaan verder voetjie vir voetjie. Weer gaan ons na die rand van die bos en nou is hulle binne trefafstand . Hulle het ons egter gewaar en raak onrustig. Andries sê ek moet die groot bul wat amper plankdwaars staan skiet. Ek vat sommer dooierus oor 'n tak en toe die BONDSTRIKE sy teiken 220 meter verder tref weet hy dit en ons weet dit ook. Sy go is gou uit en hy dop om. Die BONDSTRIKE koeël het hom laag op die blad getref en sit ook aan die anderkant effens agter die blad teen die vel. Dit het ook amper 'n meter penetreer en die gewig daarvan was 152,2 wat 85% retensie beteken. Mens kon duidelik aan die vorm van die koeël sien dat dit beter bymekaar gehou het op die langer afstand waarop geskiet was teenoor die kort afstand van die vorige dag. In hierdie geval was die bladbeen ook gebreek maar die koeël het dit nie op die dikste plek deurboor nie.

Die fotos word geneem en dit is baie duidelik dat daar een gelukkige jagter saam met die gouebees poseer.

Ons weet almal dat 'n wildebees of hy nou blou, swart of goud is, nie sommer met enige kaliber en koeëls aangedurf moet word nie. Ek het ookal 'n foutjie of twee op 'n wildebees gemaak wat my letterlik blase op my voete gegee het en baie sweet laat verloor het voordat hy finaal grond toe gegaan het. Gelukkig het die BONDSTRIKE baie goed in hierdie geval gewerk, en o ja voor ek vergeet 'uit my pa se geweer'.


Dit is ware fees om die kampvuur en ek hoor oor en oor – julle weet van wie af – dat ek 'n gelukkige snuiter is wat iets geskiet het wat my pa nog nie geskiet het nie, en nogal twee daarvan. Ek sal dit seker vir nog 'n baie lang tyd hoor! Hoop net die biltong en droëwors maak dat hy dit ook sal onthou.

Lukaan Trading & Safaris op die plaas Doornhoek het my hart gesteel. Dit is 'n baie mooi plaas en voldoen aan enige plaaslike jagter se vereistes. Alles wat jy wil hê is hier beskikbaar. Dit is egter die vriendelikheid en behulpzaamheid van Andries wat my altyd sal bybly – 'n ware man van die veld – 'n jagter uit murg en been.

Norma se BONDSTRIKE ammunisie slaan so hard soos 'n voorhammer – dit was duidelik te sien in die reaksie van beide die diere. Die resultate spreek ook vanself.

Klik of skandeer die meegaande QR-kode om na 'n kort video te kyk

Om op Doornhoek te gaan jag kontak vir Andries op 084 588 1737 of epos: andries.vdheever88@gmail.com. 



LINKS - Wildebees 1: 133.4 grein = 74%
REGS - Wildebees 2: 152.2 grein = 85%



Scan me

FASTER EASIER

READY RIGHT OUT OF THE BOX

BDX 2.0

The world's most advanced optics system



- QUICKLY AND EASILY BOND BDX RANGEFINDERS AND SIGHTS USING QUICKBOND™ FEATURE
- COMBO KITS PRE-BONDED FROM THE FACTORY
- PRESET BALLISTIC GROUPS LOADED ON ALL SIERRA BDX RIFLESCOPE AND KILO BDX RANGEFINDERS
- SMART BDC™ RETICLES TO CUSTOMIZE RIFLESCOPES OUT OF THE BOX
- APP FREE EASY SET-UP ON ALL BDX PRODUCTS
- TO UNLOCK THE ADVANCED FEATURES OR CREATE A CUSTOM BALLISTIC PROFILE, JUST DOWNLOAD THE BDX SMARTPHONE APP



Ballistic Data Xchange
sigsauer.com



SIGSAUER
NEVER SETTLE

Firearm Ownership Guidelines

By Elmo Scheffer



Make an Informed Decision.

When you have decided that you want to buy a firearm, it is of utmost importance that you make an informed decision. Each type of firearm is suitable for a specific use, be it for sport shooting, self-defence or for hunting. You need to understand what type of firearm you want including the model and the calibre. You should also be sure that you can safely and with confidence handle and maintain the firearm. There are so many platforms where you can do some research on your own, but the challenge for a new firearm owner is to ensure you sift through all the information and verify what get presented is in fact true. There are many thousands of keyboard experts out there and information could be misleading or false. The best way is to do research and then speak to an expert at your local firearm dealer asking for advice and guidance, verifying your own data and physically inspecting the firearm in question.

Know how you are going to store it safely.

This is one of the key aspects of owning a firearm. You may own more than one firearm or you might not carry your

firearm with you 24/7. When your firearm or ammunition is not in your physical presence, it needs to be stored in a safe that complies with the act. Regulation 86 refers to "a safe or strong room that conforms to the prescripts of SABS Standard 953-1 and 953-2".

Regulation 86 (11)(a) Firearms other than those in respect of which a license for self-defense in terms of section 13 of the Act has been issued, must be stored unloaded in accordance with these regulations.

This means that any other firearm can not be stored loaded in your safe or strong room.

Regulation 86(11)(b) Any person who may lawfully possess a firearm or ammunition shall store these in a prescribed safe or strong room, to which he or she shall have at all time exclusive access or his or her presence and co-operation shall be a necessary prerequisite for access to the relevant firearm and ammunition.

In short, no one may have access to your safe. You may not give you safe keys to anyone and your safe keys should be in your possession all the time.

If you do have a self defense firearm

and you "Every Day Carry" or EDC for short, you need to be mindful of where you may carry it and how you safeguard it whilst in your possession.

Keeping firearms locked away is the first and foremost way to help prevent firearm accidents, theft and or miss use.

Discuss Owning a Firearm with you Family

This is another important step in the process of owning a firearm. Discuss the matter with your family or persons living with you in the same house and have a serious conversation with minors. It is important that they know your will have a firearm for what ever use. It is equally important that they also understand aspects of the law and understand that they should never touch or handle a firearm without the direct supervision of the licensed owner. For some people, guns are just outright scary, but with the right conversation and information, this could be overcome.

If you are going to own a hunting or sporting firearm, shooting can become a family recreational pastime. Encourage them to participate.

Buying and owning a firearm comes with ongoing commitment and responsibility. This also comes with the understanding that you as a firearms owner should Own it, Respect it, and Safe Guard it.

We have created the following guidelines to assist with making this decision.



KALAHARI ARMS

Tel: 011 795 1100
Email: info@kalahariarms.com
Website: www.kalahariarms.com

Honey Crest Centre
Cor. Beyers Naude & Duiker Ave
Randpark Ridge

Seek Proper Training

Firearm training is one aspect of obtaining your competency. It is a requirement of the unit standards. However, this type of training is done under the supervision of your competency training provider. Going to the range for the first time on your own can be something quite different. If you feel the need to further your skills, seek a competent training provider and take a few extra lessons. Most shooting ranges have highly qualified and experienced range officers who will also assist with the basics and show you the ropes. Most sport shooting disciplines have training sessions and workshops for you to attend. Also watch out for hunter courses that could assist you with extra training. There are also a number of self-defense training providers who will focus more on this type of skill.

Regularly Update and Enhance Your Skills

There is only so much training that you can do, but the real training is you - going to the range and practicing. It is important that you do this regularly for several reasons. Firstly, you will regularly test the functioning and operation of your firearm. Secondly you will become comfortable in loading, shooting and making your firearm safe, and thirdly, after shooting, you will need to clean it. Most important is practicing the repetition of all the safety steps. It has to become second nature going through all the safety drills, even if it just taking the firearm out of its holster and putting it in the safe.

Understand that Owning a Firearm is an Ongoing Commitment

When you start your journey, there is no turning back. Once you are in possession of the firearm, the ongoing responsibility starts.

An important part of that journey is sharing what you know with others. As a responsible gun owner, you can be a powerful voice in building a culture of firearms safety within your house, your neighborhood and your community. You can never let your guard down. Firearm owners face some serious scrutiny during the application process and have to be a fit and proper person as described in the Act and the

Regulations. One wrong decision or a moment of letting your guard down can land you with a hefty fine, jail time and see you being declared unfit to possess a firearm and lose all of your firearms.

We hope that your firearm owner journey is a pleasant one and that you and your family can have many years of safe shooting. Shoot responsible and enjoy. **WL**



DESIGNED IN THE ALPS PRODUCED FOR THE WORLD



PROBABLY THE BEST RIFLE ON THE MARKET



STEYR MONOBLOC



WEN MET WILDLAND

Kyk wat het ek gejag

Kyk wat het ek gejag en wen met Bushnell
 Stuur jou jagfoto's saam met die nodige besonderhede aan jagfotos@wildlandmag.co.za en staan 'n kans om 'n Bushnell-verkyker ter waarde van R1 500 te wen. Ultimo borg die prys.
 Kontak die invoerders, Ultimo, by 011 785 4700 vir meer inligting.

Bushnell



WILDLAND-WENNER

Die wenner van die Bushnell-verkyker is Stephan Botha met die bergskaap wat hy gejag het. Baie geluk!



Jagter: Stephan Botha; **Spesie:** Bergskaapram;
Geweer: Sako .308; **Ammunisie:** 165gr Hornady
Afstand: 330m; **Plek:** Loxton, Noord-Kaap



Jagter: Morne Limby;
Spesie: Blouwildebeeskoei;
Geweer: Ferlach .308;
Ammunisie: 165gr PMP
Afstand: 110m; **Plek:** Bhejane, Oos-Kaap



Jagter: Leon Lourens; **Spesie:** Koedoebul;
Geweer: Sabatti .500 NE; **Ammunisie:** Impala 420gr
Afstand: 50m;
Plek: Groblersdal, Limpopo



Jagter: Ruan Geyser; **Spesie:** Gemsbokbul;
Geweer: .303 Lee Enfield;
Ammunisie: 180gr Remington Core-Lokt
Afstand: 185m; **Plek:** The Vale, Beaufort West



Jagter: Theuns v.d. Merwe; **Spesie:** Sebra;
Geweer: .303 Lee Enfield;
Ammunisie: 174gr
Afstand: 80m;
Plek: Marble Hall



Jagter: Hendrik Möller; **Spesie:** Livingstone elandbul;
Geweer: Ruger .338 WM; **Ammunisie:** Perigrine 220gr;
Afstand: 145m; **Plek:** Stockpoort, Limpopo



Jagter: Morne Voges; **Spesie:** Blesbok;
Geweer: Howa .308;
Ammunisie: 150gr Lapua; **Afstand:** 200m;
Plek: 3 Shots Safari, Vrystaat



Jagter: Christelle Fick; **Spesie:** Swarttroobokram;
Geweer: Howa .375 Ruger; **Ammunisie:** 270gr Rhino;
Plek: Gelee, Koedoeskop



Jagter: Leon Mentz;
Spesie: Koedoebul;
Geweer: Savage .300 WSM;
Ammunisie: 200gr Hornady ELD-X;
Afstand: 95m



Jagter: Jonathan McDonald; **Spesie:** Springbok;
Geweer: .308 Winchester; **Ammunisie:** 180gr;
Afstand: 275m; **Plek:** Murraysberg, Wes-Kaap

RIFLES



RIFLESCOPES



SCHMIDT & BENDER



BRASS, BULLETS & RELOADING



PISTOLS



SPECIALS



Galil SAR R10 900



Taurus PT140 slegs R3800



Sterling 9mm ammo R200/50



PATRIOT

Passion for 'Pressure'




The shooting community today is all about placing accurate shots over long distances in the shortest possible time...(so to speak). It's all about precision, ballistics, time and in this case 'pressure'

Last month WILDLAND was invited by Wentzel Jonker, general manager, to attend the grand opening of Patriot Outdoors, a business that specifically focuses on airguns and the airgun market. Upon arrival at Patriot the evening of the 27th of August, I struggled to keep my jaw from dropping and my mouth opening so wide to swallow a Nikon DSLR. From what I have been told about Patriot is that it really was something special but I definitely was not expecting this!

By Danie van Dyk

As I mentioned Patriot specifically caters for the airgun enthusiast and hunters, every inch of this place was designed to be the best it possibly can be. There is a 10 lane 50 meter indoor shooting range created to give the public an 'outdoor experience', a retail shop, a lounge you name it they got it. The whole setup and layout of this place was planned and executed beautifully, one can see they spared no expense.



After some of the evenings formalities were done and dusted the guests got their turn to play with the 'toys'... After seeing, hearing and shooting them myself I soon realised that I should recategorise items that I once classified as toys. These are far more powerful than the "neck-breaker" airgun I grew up with, some of these rifles are capable of shooting a 34gr slug at well over a 1000fps. Whilst indulging these wonderful combinations of an extraordinary shooting range, the FX airguns and Patriot's own Javelin (Precision Swaged Airgun Slugs), I wondered how all this came to be... what started it, what gave spark to this fire....



Meet the team



**FLTR- Back: Roelf Vorster, Gerhard Slabbert (Operations Manager) and Wentzel Jonker (GM)
Front: Matt Dubber and Andries Laubscher**

Patriot Javelin Slugs



Patriot is proud to present the Javelin Slugs, designed and manufactured by their team of experienced marksmen, competition winners, hunters and world renowned FX Airguns. They done more than a year of ballistic testing with a variety

of designs using doppler radar and real world in-the-field terminal performance analysis to develop a balanced design which gives you the ultimate sweet-spot between a high ballistic coefficient and devastating terminal expansion. The ogive, meplat and hollow point

designs they offer are catered to long-range airgun hunting for small game animals such as rodents, lagomorphs and birds, and they offer these in a variety of diameters and weights for your convenience.

PATRIOT



As the foundation for lots of companies it all started with a passion. A passion for a certain idea, concept and/or dream. All the members of team Patriot has a passion for the airguns industry and the great outdoors and as most tales there was series of events that brought them all together.

Gerhard Slabbert: Operations Manager at Patriot, brings his experience to South Africa as part of the Research and Development Team for FX Airguns. He will be heading up the Service and Distribution Centre and actively mentoring new and emerging airgun shooters. Gerhard's expertise in custom power tuning, airgun servicing and technical reviews is something to stay on top of.

Matt Dubber: Matt Dubber has been deeply involved in the advancement of PCP Airgun technology through the development of the Smooth Twist X Slug Liners, and has been widely acknowledged as the driving force behind the agenda to make small bore slugs more widely available. Matt Joins Team Patriot alongside fellow South African Roelf Vorster who has the same passion for technical advancements in the Airgun world.

Roelf Vorster: Roelf's technical background has been key to our web & IT infrastructure at Patriot – something that we believe has been lacking amongst Airgun distributors in South Africa – and his experience in design has given us a kickstart as we begin

work on some exciting new projects.

These three, while perhaps known primarily as "YouTubers", bring many years of combined experience and expertise to the team and ensure that strong relationships between manufacturers, retailers and end users are always maintained.

Andries Laubscher: The driving force behind Patriot Outdoors. Andries' passion for shooting and the outdoors led him to dream big, and provided the vision which first brought the team together. His entrepreneurial spirit and business experience made it possible to turn the passion of everyone involved into reality.



FX Airguns

FX Airguns was founded by Fredrik Axelsson in the small picturesque town of Mariestad, Sweden in 1999. As a passionate airgun enthusiast, he was constantly on the look for the best airgun available. When Fredrik didn't find what he was looking for, he started on the journey to create the airgun of his dreams. Two decades later, he has more than succeeded.

The highly skilled FX team (with Fredrik at its helm) has since its small beginnings, relentlessly introduced cutting edge technologies that has propelled the airgun industry into a new era where FX Airguns are globally considered an industry leader. As intricate as their guns are, the philosophy behind their creations is quite simple; to provide the most exceptional airgun in every possible way; and so, they have.

FX Airguns are lovingly handcrafted by a team of over 50 Swedish craftsmen and engineers that have honed their skills to perfection; and airgun lovers worldwide have rightfully come to

expect much from them. An FX Airgun won't leave the factory until it has been thoroughly tested in all aspects of its masterfully engineered capacities. FX Airguns provide superior accuracy, dependable consistency, as well as being remarkably quiet, efficient and extremely powerful. Inevitably, FX Airguns are known for outperforming their competition with ease.

Their merit list is long. FX Airguns have been a trailblazer for the airgun industry since its inception. They have more patents, unique innovations and are more technologically advanced than any other airgun manufacturer existing today.

The backbone of FX Airguns has always been and will always be their deep passion for the airgun sport and their drive to outperform yesterday. With new technology always pushing the limits of what is possible, who knows what incredible airguns are yet to be invented, in the cradle of the minds from Mariestad.




Years of hard work determination and a passion for 'pressure' has led to this moment. Patriot is not just about FX Airguns (which they are the sole importers off) and Javelin slugs, they welcome all airgunners, air rifle brands and styles from Springer Airguns and PCP Air Rifles. Patriot is working towards becoming an industry leader in the airgun field. So if you are an airgun enthusiast, hunter or simply just find the idea interesting, be sure to pay them a visit next time you're in the shadow of Table Mountain.

For mor information on Patriot, Javelin slugs and Fx Airguns contact them on: 021 001 4666, send and email to: info@patriot-outdoors.com or visit their website: <https://patriot-outdoors.com/>

Click or scan the QR code to watch a video created by Patriot Outdoors.



Scan me



Indawo skietkompetisie so twee-twee op die Hoëveld.



Hierdie gewilde Indawo skietkompetisie, wat reeds 'n paar keer al aangebied is, het bestaan uit twee-man spanne. Dit is dus 'n twee-twee-skiet, wat niks met die .22 kaliber te doen het nie maar skuts wat twee-twee deelneem.

